

## Die krag van dankbaarheid

As jy in die gietende reën in jou vyf jaar oue, intreevlak-motor ry, voel jy jaloers as jy die jongste BMW 5-reeks voor jou sien ry, of merk jy eerder die man op die fiets op, wat met sy kind op die stuurstang betyds by die skool probeer uitkom – en besef jy dan hoeveel jy reeds het?

Die sleutel tot finansiële geluk is om te aanvaar waar jy vandag is. As jy pal ongelukkig is met jou lewe, maak jy alles wat jy het en reeds bereik het, ongeldig. Die waarheid is dat jy veel meer het en bereik het as baie ander mense.

### Vermy 'opwaartse' vergelykings

Linda Smith, 'n finansiële afrigter, sê ons vergelyk onself altyd op 'n negatiewe manier met ander mense. Ons wens altyd ons was maerder of ryker of dat ons op dieselfde eksotiese vakansies kon gaan as daardie 'ander' mense.

Maar daar sal altyd maerder en ryker mense wees, en mense met meer suksesvolle eggenotes. Om onself voortdurend met hulle te vergelyk sal ons nie gelukkig maak nie, dit sal ons net in 'n negatiewe ruimte gevange hou. Ons moet fokus op al die dinge waarvoor ons dankbaar kan wees.

Smith sê die probleem met ons samelewing is dat ons ons eiewaarde aan ons bankbalanse meet. Ons plaas ons waarde in die motor wat ons bestuur, die skole waarheen ons ons kinders stuur en selfs ons keuse van 'n selfoon. Hierdie dinge is alles net 'n rookskerm wat die werklikheid verskuil naamlik dat iemand anders se BMW, wat ons begeer, waarskynlik aan die bank behoort en dat daar moontlik net een salaristjek tussen die eienaar daarvan en bankrotskap is. Statussimbole koop nie geluk of finansiële welvaart nie.

### Soek nie langer verskonings nie

As jy negatief ingestel is en van mening is dat dit onmoontlik is om te spaar, en tog glo dat jou lewe beter sou wees as jy net meer geld gehad het, kyk rondom jou na die mense wat nie soveel soos jy verdien nie en vra jouself af: hoe oorleef hulle? Hulle kyk waarskynlik na jou en sê "As ek maar net daardie persoon was, met die besittings wat hy/sy het, sou ek gelukkig wees". Geluk is nie opgesluit in meer besittings nie, maar dit lê daarin om te waardeer wat jy reeds het.

### Fokus op die positiewe

"Daar is altyd iets om voor dankbaar te wees, al is dit net 'n goeie nagrus of groen verkeersligte wanneer jy laat is vir 'n vergadering," sê Smith. Deur te fokus op wat jy reeds het, sal jy nie meer die behoefte ervaar om dinge te koop om jou gelukkig te laat voel nie. Soos ons almal uit ondervinding weet, kan dit ons 'n tydelike hupstoot gee om dinge aan te skaf, maar dit is van korte duur en bring ons niks nader aan geluk nie.

"Die doel wat ek wil hê my kliënte moet bereik, is om so gemaklik te wees met wat hulle het, en om so vas te glo in die plan wat hulle navolg, dat hulle deur 'n winkelsentrum kan stap, die winkels kan bewonder en na koopware kan kyk, maar op 'n baie realistiese vlak kan besef dat hulle niks daarvan nodig het om geluk te ervaar nie.

## Begin positiewe stappe doen om finansiële bevrediging te ervaar

- Skryf elke dag tien dinge neer waarvoor jy dankbaar is.
- Skryf elke maand 'n finansiële mikpunt neer: begin klein en wens jouself geluk as jy elke doelwit bereik.
- Deel jou mikpunte met iemand wat jou kan ondersteun: om jou doelwitte met iemand te deel, maak hulle meer werklik en help jou om by jou plan van aksie te bly.
- Wees geduldig: die heelal werk op 'n ander tydskaal.

*Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inklusief, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*